# Inhoud

**Aan die leerder ....................... 4**

## Taalstrukture en -konvensies

**Spelling, lees- en skryftekens**

Leestekens ................................ 5
Skryftekens ................................ 9
Hoofletters ................................ 14
Spelling ................................ 16
Gebruik van woordeboeke ...... 17
Afkortings, verkortings en akronieme ................................ 18

**Woordvorming**

Basisse (stamme) ..................... 19
Voor- en agtervoegsels ............ 20
Afleidings ................................ 21
Samestellings ........................... 22
Samestellende afleidings ......... 23
Hersieningsoefening: Afleidings, samestellings en samestellende afleidings ......... 24

**Woordsoorte**

Lidwoorde ................................ 25
Selfstandige naamwoorde ....... 25
Hersieningsoefening: Selfstandige naamwoorde ....... 29
Byvoeglike naamwoorde ......... 30
Hersieningsoefening: Byvoeglike naamwoorde ......... 37
Werkwoorde ............................ 38
Hersieningsoefening: Werkwoorde ............................ 42
Bywoorde ................................ 43
Voornaamwoorde .................. 45
Voorsetsels ............................... 50
Hersieningsoefening: Woordsoorte ............................ 52

**Sinne en sinsdele**

Soorte sinne ............................. 53
Volgorde in sinne .................... 54
Tydsvorme ............................... 55
Enkelvoudige sinne ................. 58
Saamgestelde sinne ................. 63
Ontkenning ............................. 68
Direkte en indirekte rede ........ 71
Lydende en bedrywende vorm ........................................ 75

## Skryfvaardighede

**Soorte tekste**

Skryf 'n paragraaf of 'n opstel ....................................... 78
Skryf 'n verhalende of 'n beskrywende paragraaf/ opstel ....................................... 79
Skryf 'n informele of vriendskaplike brief ................. 80
Ontwerp 'n advertensie of 'n plakkaat .................................... 81
Skryf aanwysings en instruksies ............................... 82
Skryf 'n ooggetuieverslag ........ 83
Skryf 'n koerantberig ............... 84
Skryf 'n dialoog of 'n onderhoud .............................. 85
Stel 'n kennisgewing, 'n agenda en 'n notule op ........... 86
Skryf 'n e-pos-boodskap .......... 87
Skryf 'n dagboekinskrywing .... 88
Skryf 'n resensie ...................... 89

## Wenke vir toetse en eksamens

**Oefenvraestel 1 .................... 90**
**Oefenvraestel 2 .................... 92**
**Oefenvraestel 3 .................... 94**
**Antwoorde ........................... 96**

KOO_AHT_07_PB.indd 3 4/20/15 9:17 PM

# Aan die leerder

Beste Leerder

Met *Kom ons oefen* kan jy jou taal- en skryfvaardighede as Graad 7 Huistaal-leerder oefen en verbeter.

Die **verduidelikings en aktiwiteite** dek die inhoud van die jongste KABV en sluit aan by wat jy elke dag in die Afrikaans-klas leer. Die oefeninge bied jou die geleentheid om jou taalkennis en **skryfvaardighede** in te oefen en jou woordeskat te verbeter.

Aan die einde van sekere onderwerpe is daar 'n bladsy met **hersieningsoefeninge** wat jou help om jou kennis vas te lê.

Inhoud → 

## Afleidings

Ons kan woorde onderskei as **simplekse** en **komplekse**. As 'n woord uit slegs 'n stam bestaan, noem ons die woord 'n simpleks. Sodra 'n woord uit meer as een deel bestaan, noem ons die woord 'n kompleks. ← Verduideliking

Daar is drie soorte komplekse: **afleidings**, **samestellings** en **samestellende afleidings**.

'n **Afleiding** bestaan uit een basisstam en 'n voor- of agtervoegsel, of albei.

Voorbeelde → **Voorbeelde**:
mens + e (basis + agtervoegsel)
be + man (voorvoegsel + basis)
ge + skeur + de (voorvoegsel + basis + agtervoegsel)

1. Onderstreep die afleidings in die paragraaf.

> Die kinders het met hul versierde waentjies skool toe gekom om aan die wedloop deel te neem. Die verskillende spanne het almal dieselfde kleur hemde aangehad. Almal was baie opgewonde en het langs die baan gestaan, gereed om te begin. Toe Meneer die fluitjie blaas, het hulle vinnig 'n ry gevorm.
> "Op julle merke, gereed, gaan!"

Inoefening → 2. Vorm afleidings van die woorde tussen hakies en skryf die korrekte vorm daarvan neer.

a) Hy het die hele vloer (mors) met die verf wat omgeval het.

______________________________

b) Die (droog) het al die oeste amper vernietig.

______________________________

c) Die leerders word volgens hul foto's (identiteit).

______________________________

d) Hy gaan (dag) na die hospitaal vir behandeling.

______________________________

e) Sy het 'n (breek) hart noudat die verhouding beëindig is.

______________________________

**Wenke**

Deur 'n voorvoegsel of agtervoegsel by 'n basis te voeg, kan 'n nuwe woord – wat 'n ander woordsoort is – deur middel van 'n afleiding gevorm word, bv. huis (s.nw.) – verhuis (ww.) en breek (ww.) – gebreekte (deelwoord). ← Ekstra inligting

KABV: Kwartaal 4, week 1–2 ← 21 — Verwysing na KABV

# Woordsoorte

## Lidwoorde

Daar is twee soorte **lidwoorde**, nl. **die** – **bepaalde** lidwoord en **'n** – **onbepaalde** lidwoord, bv. **Die** skelm het **'n** vrou se handsak gegryp. Lidwoorde word ook **determineerders** genoem. Om iets spesifieks aan te dui en te beklemtoon, word die klemteken op **dié** gebruik, bv. Dié kind is baie stout.

## Selfstandige naamwoorde

'n **Selfstandige naamwoord** dui die naam van iets aan en het sekere kenmerke waaraan hulle herken kan word:

- Die **lidwoorde die** of **'n** kan voor 'n selfstandige naamwoord gebruik word, bv. die **vrou.**
- Selfstandige naamwoorde het meestal **meervoudsvorme**, bv. vrou**e.**
- Selfstandige naamwoorde het meestal **verkleiningsvorme**, bv. vrou**tjie.**
- Selfstandige naamwoorde kan **geslag** aandui, bv. vrou – man.
- Selfstandige naamwoorde kan die **onderwerp** of **voorwerp** in 'n sin wees, bv. Die vrou maak kos.

1. Onderstreep die selfstandige naamwoorde in die paragraaf.

> Skielik het die ligte afgegaan. Die meisies het gegil en na mekaar gegryp. Die seuns het gelag. Maar nie vir lank nie … Hulle het 'n aaklige geskree uit die solderkamer gehoor. Hulle het geskarrel om weer die krag te probeer aansit. Almal het by die deur probeer uitbondel, maar die deur was gesluit en die sleutel was nie in die sleutelgat nie. 'n Vreemde gedaante het voor die venster verskyn …

2. Sommige woorde kan twee meervoudsvorme hê, bv. medikus – medici, medikusse. Gee twee meervoudsvorme vir elk van die woorde.

   a) laboratorium ____________________ ____________________

   b) teoretikus ____________________ ____________________

   c) kriterium ____________________ ____________________

   d) gimnasium ____________________ ____________________

3. Gee die verkleiningsvorm van **konings** en die meervoudsvorm van **speelding**.

   ________________________________________________

4. Dui die teenoorgestelde geslag van die woorde aan.

   a) verleier ____________________ c) masseur ____________________

   b) lektor ____________________ d) aktrise ____________________

**Wenke**

'n Maklike manier om te toets of 'n woord 'n s.nw. is, is om 'n lidwoord voor 'n woord te gebruik en te kyk of dit sin maak.

- Kan jy die **boom** sê? Ja! Jy kan dan seker wees **boom** is 'n s.nw.
- Kan die woord 'n meervouds- of verkleiningsvorm hê? Ja - **bome** – **boompie**.
- Kan jy die **langs**, die **sal**, die **hy** sê? Nee. Dit maak glad nie sin nie. Die woorde na die is dus nie s.nwe. nie.

## Enkelvoudige sinne

'n Enkelvoudige sin kan ook bestaan uit 'n **onderwerp**, **gesegde** en 'n **voorwerp**.

**Voorbeeld**: Ek gee vir die bedelaar 'n bord kos.

| | | |
|---|---|---|
| **Onderwerp**: | **Wie** voer die aksie uit? | = Ek |
| **Gesegde**: | **Wat doen** ek? | = gee |
| **Direkte voorwerp:** | Ek gee **wat**? | = 'n bord kos |
| **Indirekte voorwerp**: | Ek gee vir **wie**? | = die bedelaar |

Die **voorwerp** is dus die persoon, dier of ding wat die aksie, werk of handeling ondergaan, met ander woorde, die antwoord op die vraag Wie? of Wat? na die gesegde.

Die **woordorde** van die enkelvoudige sin behoort soos volg te wees: onderwerp, werkwoord 1, tyd, voorwerp, wyse, plek, werkwoord 2, infinitief.

'n Enkelvoudige sin hoef egter nie altyd 'n voorwerp te hê nie.
- Die voorwerp is gewoonlik 'n **selfstandige naamwoord** of 'n **voornaamwoord**, bv. Ek skryf 'n brief/dit.
- Die **voorwerp** hoef nie aan die einde van 'n sin te staan nie, bv. **Hierdie brief** skryf ek sommer nou.
- Die **indirekte voorwerp** gaan dikwels saam met 'n voorsetsel, bv. Sy skryf vir **hom** 'n brief.

2. Skryf die voorwerp in elke sin neer en benoem dit as direk of indirek.
   a) My pa gee vir my 'n nuwe rekenaar.

   ______________________________

   b) Die juffrou vertel (vir) die klas 'n storie.

   ______________________________

3. Skryf die onderwerp, gesegde en voorwerp in elk van die sinne neer.
   a) Die man het 'n geskenk vir sy vrou gekoop.

   Onderwerp: ______________________

   Gesegde: ______________________

   Voorwerp: ______________________

   d) Baie toeriste besoek Suid-Afrika.

   Onderwerp: ______________________

   Gesegde: ______________________

   Voorwerp: ______________________





KOO_AHT_07_PB.indd 59 4/20/15 9:18 PM

## Skryf 'n e-pos-boodskap

'n **E-pos-boodskap** is 'n vriendskaplike of formele brief op 'n rekenaar. Dit is elektroniese pos aan 'n ontvanger.

- Die korrekte formaat sal op 'n rekenaar wees.
- Die versender se adres vertoon outomaties wanneer die e-pos ontvang word.
- Die ontvanger kan dan op die e-pos antwoord.
- Emotikons ☺, foto's, prente en vorms kan gebruik word.
- Die sender se kontakbesonderhede word 'n **naamtekening** genoem.

### Voorbeeld van 'n e-pos-boodskap

To: (Persoon aan wie die e-pos gestuur word se adres kom hier.)

Subject: (Die onderwerp van die e-pos.)

Cc: (Die e-pos-adresse van ander persone wat dit ook moet lees.)

Boodskap: (Die boodskap)

Begin deur die persoon se naam te noem.

Tik nou jou boodskap.

Eindig af met jou naam/naamtekening.

| Lengte van e-pos-boodskap | Punte |
|---|---|
| 120–-140 woorde | 10 |

Skryf 'n e-pos-boodskap aan jou vriend om 'n skoolprojek te bespreek.

To

Subject



KOO_AHT_07_PB.indd 87 4/20/15 9:18 PM